

Steve Hofmeyr: *Die Verste Uur* (Zebra)

*Die Burger en Beeld*, Augustus 2011

Steve Hofmeyr, die man van vele talente, het nou ook ontpop as romanskrywer. *Die Verste Uur* is sy tweede roman, en bevat 'n hele paar verrassings. In die eerste plek, wie sou kon dink dat Jean-Philippe Rameau (1683-1764), die Franse Barok-komponis, sou dien as inspirasie vir Steve Hofmeyr? En tog is dit so; in der waarheid is die hele roman 'n fantasie op 'n tema van Rameau.

Hofmeyr se hoofkarakter, 'n fisikastudent genaamd Jamie van der Merwe, weet so min van Rameau as 'n aap van sokkies, maar word per toeval ingetrek in 'n intrige van ene dr. Arnold du Plessis, 'n wetenskaplike en kenner van Rameau. Dr du Plessis het spoorloos verdwyn, en sy vrou-moontlik-weduwee soek iemand om sy besittings op te ruim. Jamie het geld nodig, en willig in. Hy 'erf' ook Du Plessis se skryfgoed, onder andere 'n notaboek wat blyk Du Plessis se afskeids-liefdesbrief aan sy vrou te bevat.

Die intrige is te gekompliseerd vir 'n kort resensie: genoeg om te weet dat Du Plessis uitgevind het hoe om in tyd te reis deur middel van sekere van Rameau se harmonieë, "die kortsluiting tussen 'n rare kombinasie van klanke wat jou terugvat." Jamie doen hom dit na, en beland in sy oupa-grootjie se lyf as bode in die Anglo-Boere-oorlog. In hierdie kapasiteit versuim hy om generaal Cronjé se hensop-bevel uit te voer: die Boere gee nie oor nie, en wen die oorlog.

Reis terug na Pretoria 2011, nou soos dit sou uitgesien het as die Engelse nooit die plek kom opmors het nie. Hofmeyr gee vir ons 'n satiriese visioen, reguit uit die daggapyp van dr Verwoerd, van Pretoria as wit Afrikaanse Volkstaat. Die eerste gesig wat Jamie begroet is "'n polisiekonstabel in 'n ouerige blou uniform met sy hand op 'n swart man se skouer. Hulle skerts vriendelik." By navraag blyk dit dat die boekie wat die swart man aan die konstabel getoon het, 'n paspoort is:

Die man frons. Sy hand gaan in sy sak in. Saam met die dompas kom die mooiste Afrikaans by sy mond uit.

"Pas? Dis nie 'n pas nie, meneer. Dis 'n paspoort."

"'n ...Paspoort? Hoekom? Why?"

Hy lag, maar sien dat ek ernstig is. Agter sy kop sien ek dat Hamiltonstraat nou Ignatius Ferreirastraat heet. Dit lyk of hy my bejammer, maar hy bly hoflik.

“Ons wys dit by die grens, soos in enige ander land, meneer.”

“Maar dis dan jou land dié!”

“Nee, nooit. Ek werk graag hier maar ek kom van ver af.”

“What’s your name?”

“Meneer? Is jy ‘n toeris? Want niemand praat eintlik meer Engels in die Republieke nie.”

Hoe maklik eintlik: as die Engelse nie die Boere-oorlog gewen het nie, het ons nie apartheid gehad nie, want ons het nie swartmense gehad nie – hulle woon êrens ver van die wit tuisland, en kom net as hoflike en dankbare gasarbeiders oor die grens, met hulle paspoorte en hulle mooiste Afrikaans om vriendelik te skerts en te werk. Geen rasseprobleem, geen ANC, geen taalprobleem nie (want geen Engelse nie, “alle universiteite nou Afrikaans”); geen uitlanders nie (almal landuit gevlug na die Boere se oorwinning); en natuurlik geen Anglo-American-korporasie nie: “Federale Mynbou klink na een of ander sambreelorganisasie en Santam en Sanlam se neonborde kroon die stadskakke op meer as een plek.’

As dit alles na ‘n AWB wet dream klink ... wel, dis moontlik dat Hofmeyr hoop dat van sy eenvoudiger aanhangers dit alles vir melktert gaan opeet, terwyl meer gesofistikeerde lesers dit sal aanvaar as satire. Utopie of distopie: ‘n mens gun hom die vryheid van implikasie.

Maar wat bly oor van die roman as ‘n mens verby die politiese satire lees? Vir hierdie leser was dr du Plessis se beknopte geskiedenis van Rameau insiggewend; en sy brief aan sy vrou heel onderhoudend, as ‘n mens hom kan vergewe vir die feit dat hy die arme vrou deurentyd as “my hoender” aanspreek. Of ‘n mens werklik die idee van tydreise ernstig kan opneem is eintlik nie belangrik nie: *Die Verste Uur* is fantasie-letterkunde, en al wat fantasie vereis, is ‘n konsekwente deurvoer van die spelreëls. Dit kry Hofmeyr wel reg. Jamie spel die beginsel heel duidelik uit: “In een sin: Daar is ‘n kortsluiting van twee sinapse by die oorvleueling van spesifieke woorde of klanke wat die geheue op ‘n erfenis-geen die stamboom inblaas.”

Obskuur? Nie eintlik nie. Geloofwaardig? Nie eintlik nie. Maar op hierdie grondbeginsel het Hofmeyr 'n vermaaklike toekoms-en-verlede roman gebou. Lees dit gerus.